

STROOM VAN GENADE

Esegiël was 'n profeet voor en tydens die Babiloniese ballingskap. Hy verkondig dat die volk weggevoer sou word deur vir hulle in detail hulle gruwelike sondes voor te hou. Van die ergste onsedelikheid in die Bybel word deur Esegiël beskryf. Die verbondsvolk het egter selfs onder moeilike omstandighede in hulle sonde volhard. Tog sê Esegiël later dat die Here hulle weer sal red, hulle terugbring, hulle harte sal verander en 'n nuwe verbond met hulle sal sluit. Esegiël sien ook die nuwe tempel waarin die Here onder sy volk sou woon.

In Esegiël 47 lees ons van die stroom van genade wat uit die tempel, uit die heiligdom, vloei. Die man (skynbaar 'n engel) wat Esegiël na die nuwe tempel toe gebring het, stap oos en meet 500 meter af. Hy laat Esegiël deur die stroom stap, dit was enkeldiep. Hy meet nog 500 meter af en laat Esegiël weer deurstap en die stroom was kniediep. Na nog 500 meter was die stroom tot by Esegiël se heupe. Na die laaste 500 meter was die stroom so diep dat Esegiël nie kon deurstap nie. So diep dat 'n mens sou moes swem om deur te kom. Die man laat Esegiël omdraai en terugstap tempel toe. Soos wat Esegiël terugstap, sien hy groot hoë bome weerskante van die stroom se wal. Opmerklik dat Esegiël nie die bome gesien het toe hy van die tempel oos langs die stroom gestap het nie. Hy het toe net op die stroom van genade gekonsentreer.

Terwyl hulle terugstap tempel toe, vertel die man vir Esegiël dat die stroom oos vloei na die Jordaanvallei en van daar in die Dooie See sal inloop. Dan sal die Dooie See se water vars word! Ongelooflik! Waar die stroom kom, sal alles lewe! Daar sal baie soorte vis in die stroom wees. Die bome weerskante op die wal van die stroom sal vrugtebome wees waarvan die blare nie sal verlep en hulle vrugte nie sal opraak nie. Hulle sal elke maand vrugte dra, winter en somer! Die hele jaar deur. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring.

Hoe wonderlik dat ons hier kan lees van die Here se stroom van genade. So diep dat ons nie daardeur kan loop nie! Dat die stroom selfs oor ons stroom en ons waarlik laat lewe. Ons die hele jaar deur, elke liewe dag, laat vrugte dra. Genade op genade!

Jan Lubbe